

Bid vir die werk van ampsdraers en gelowiges!

Daar is konflik in die kerk in Jerusalem! Die konflik het gegaan oor die daaglikse versorging. In Handeling 2:46 lees ons dat die gelowiges elke dag getrou by die tempel bymekaargekom het en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet het. Blykbaar was hierdie diens – die organisasie van die gemeenskaplike maaltye en die bediening van die tafels – in die hande van die Hebreërs. Die Griekssprekende Jode het gekla dat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. Dit het konflik veroorsaak. As daar konflik in 'n kerk is, kan jy een van twee dinge doen: Jy kan probeer om dit op te los of jy kan dit ignoreer. Gee jy nie aandag daaraan nie, is die gevolg dat die onrus bly voortbestaan of nog erger word. Dit is opvallend dat konflik in die vroeë Christelike kerk erken is. Die apostels skuif dit nie onder die tafel in nie. Hulle maan ook nie die weduwees dat hulle nie moet kla nie. Nee, hulle erken: iets is nie in orde nie.

Wat is hul oplossing? Die apostels bespreek die saak met die gemeente. Die lidmate word bymekaar geroep. Die oplossing wat die apostels voorstel het, is om sewe manne te kies om hierdie taak, die versorging van die weduwees, uit te voer. Nadat die sewe manne gekies is, is hulle voor die apostels gebring wat vir hulle “gebid het” en hulle “die hande opgelê” het. Nie net word hulle deur die gemeente gekies nie. Nee, hulle word ook aan die genade van die Here opgedra om hulle werk te doen. Die gebed en die handoplegging van die apostels is die teken van God se genade en toerusting, sodat daardie sewe manne hulle werk kan gaan doen. Hulle word in die gebed opgedra aan God se sorg om as dienaars van God hulle gawes en talente diensbaar te stel. In Christus word nie net elke ampsdraer nie, maar elkeen wat in Christus deur die geloof geanker is, geroep tot diens, diens in die koninkryk van God.

Elkeen wat so deur God in Christus geroep word om te werk in die koninkryk, kan daardie werk alleen doen as dit deur die gebede van gelowiges gedra word. Daarom vra die ondertekeningsformulier dat die gemeente moet bid vir hulle wat tot die besondere dienste geroep is. Gebed gee krag. Gebed gee die sekerheid dat die werk nie uit eie vermoë nie, maar deur die krag van die Here gedoen word. Die konflik in die kerk in Jerusalem word opgelos deur gebed en die uitstuur van manne om hulle werk te gaan doen. Doen ons as gelowiges dit genoeg? Dink ons genoeg aan ons gemeentes, aan die ampsdraers, aan die gelowiges in ons gebede? Dra ons diegene in besondere ampte en elkeen in die amp van die gelowige genoeg op aan die troon van die Here? Onthou die woord van die Here in Matteus 7:8: “... want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.” Mag ons ook so aan ons gemeentes dink en hulle opdra aan God se genadetroon sodat hulle, toegerus deur die krag van die Here, hulle werk sal doen.

Sing: Skrifberyming 14-2

Dr Deon Lartz (Edenvale)